Saterdag **17 Augustus**

**Skrifgedeelte: Daniël 3:19-30**

**Fokusgedeelte: Daniël 3:28**

**Lof aan God begin by vertrouensvolle oorgawe**

Wat is jou doel hier op aarde? Jy leef omdat die Here aan jou ’n ontsaglike taak opgedra het: Hy moet DEUR JOU al die lof en eer ontvang. Gebeur dit in jou lewe? Gee iets ’n ander doel as dit waarvoor jy dit gemaak het, en dit misluk. Lof en eer aan God, jou lewensroeping, BEGIN BY JOU VERTROUENSVOLLE OORGAWE AAN DIE HERE.

Net drie manne verontagsaam Nebukadnesar se bevel en weier beslis om sy beeld te aanbid. Hiervoor is hulle bereid om te sterf. Nebukadnesar word wit van woede. Hoe durf drie Joodjies in ballingskap hom teëgaan! Maak die oond nog sewe maal warmer! Sadrag, Mesag en Abednego se onverskrokke, standvastige, vertrouensvolle oorgawe aan die Here laat Nebukadnesar misluk in wat hy doen. Nebukadnesar en sy oond misluk. Die vuur doen hierdie manne niks. Die doel van sy hele seremonie misluk. Die bordjies is verhang!!

Niemand anders nie as Nebukadnesar bring nou lof en eer aan die Here. Hy erken dat die lof en eer aan die ware God behoort. Nou is hy die een wat nie sy eie beeld aanbid nie. En dit alles gebeur deur drie eenvoudige manne wat vas bly staan het. Drie manne wat hulle lot, hulle lewe vertrouensvol oorgegee het aan die Here.

Daar begin die sukses van jou lewensroeping, en van jou lewe. ’n Onnatuurlike gebeurtenis: die drie manne verbrand nie. Sal so iets vandag nog gebeur? Elke tree wat jy as gelowige gee, is onnatuurlik. Jy moes ook in die vuuroond van God se toorn verbrand het, omdat die mens nie aan Hom al die eer gegee het nie, maar sy eie god wou wees. Christus tree egter tussenbeide en dra die vuurgloed van God se toorn. Ons het nuutgemaak, as’t ware ongeskonde uit die vuuroond gekom. Nou kan ons ons lewensdoel uitleef: om aan Hom al die eer te gee.

Mag jy die doel dien waarvoor Christus jou uit die vuur van God se oordeel gered het.

*Sing: Psalm 9-1:1, 7, 15*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*